# Ons KANDELAAR
Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 75 Nommer 35 7 September 2025

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS: SONDAG 7 September 2025 – Dr De Wet Saaiman



**Skrifgedeelte:** Matteus 18:21-35
**Belydenis:** HK, Sondag 51
**Teksvers:** Matteus 6:12
**Tema:** Onse Vader (7): Vergeef ons ons skulde!

Die vyfde bede van die Onse Vader, *"Vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe"*, herinner ons aan ons geestelike nood en God se onmeetlike genade. Soos die skuldenaar in Jesus se gelykenis, staan ons bankrot en diep in skuld voor God, maar Christus het ons skuld volkome betaal deur sy kruisoffer. Daarom roep ons daagliks in geloof: "Here, wees my genadig." Hierdie vergifnis laat ons nie onaangeraak nie; ons word geroep om ook ander te vergewe, sonder maat of beperking, soos God ons vergewe het. Onvergewensgesindheid wys dat ons die evangelie nog nie regtig verstaan nie, terwyl 'n lewe van vergifnis die wêreld iets van Christus se liefde toon. In die Woordverkondiging let ons op:

a) Ons SKULD voor God en ons gebed om vergifnis;
b) Ons VERPLIGTING om ander te vergewe;
c) Die VRUG van 'n lewe van vergifnis;

## AANDDIENS: SONDAG 7 September 2025 – Dr De Wet Saaiman

**Skrifgedeeltes:** Jeremia 31:27-34 & Hebreërs 7:22
**Teksvers:** Jeremia 31:31
**Belydenis:** Die Dordtse Leerreëls, VD 2:2
**Katkisasie:** Die Dordtse Leerreëls - Hoofstuk 2 - Weerleggend
**Tema:** Christus bevestig die nuwe verbond deur sy bloed!
Die Bybel leer ons dat die verbond die manier is waarop God Hom aan mense verbind en sy redding waarborg. Van Noag en Abraham tot by Christus sien ons: die verbond is altyd God se inisiatief, sy belofte en sy trou. In die nagmaal hoor ons Jesus sê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed." Dit beteken sy dood was nie net 'n moontlikheid nie, maar die werklike bevestiging van God se verbond. Teenoor alle dwaalleer bely ons dat Christus Borg en Middelaar is van 'n beter verbond. Sy bloed gee aan ons sekerheid: God se beloftes staan vas en ons kinders is deel van hierdie genade. Daarom mag ons rus in Christus se werk en feesvier in die Nagmaal. In die Woordverkondiging let ons op:

a) Die AARD van God se verbond;
b) Die VERWERPING van die dwaalleer;
c) Die SEKERHEID van die nuwe verbond in Christus;

## SONDAG 7 September 2025

Kollektes onder die erediens is vir Barmhartigheid.
Die tweede kollekte vandag is na die oggenddiens vir die Emeritaat-versorgingsfonds en na die aanddiens vir die Kerkkas.

Die tweede kollekte Sondag 14 September is na die oggenddiens vir die Kerklike tydskrifte en na die aanddiens vir die Kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Debbie Verreynne
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Annerie Saaiman
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 6 – Oudl Jaco van der Walt
- Diakonale Diensbeurt: Groep 1
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Lasca Joubert
- Katkisasie: Les 19 vir Graad 1 tot 8 na die oggenddiens in die katkisasielokaal
- Patmos Bybelstudiegroep kom na die oggenddiens in die moederskamer byeen

**18:00 Aanddiens**

## PROGRAM VIR DIE WEEK 7 TOT 14 SEPTEMBER 2025

**Maandag 8 September**

18:30 Diensgroep Bediening

**Donderdag 11 September**

11:00 Bybelstudie: Mannagroep

15:00 Voedingsprojek, Groep A olv sr Marisa vd Walt; Groep B olv sr Annerie Saaiman

**Vrydag 12 September**

09:00 Voedingsprojek, Groep A olv sr Marisa vd Walt; Groep B olv sr Annerie Saaiman

## Diensbeurte Sondag 14 September 2025

Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Rentia Koch

Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Marizel Fasen

Konsistorie Diensbeurt: Wyk 7 – Oudl Jan-Louis Spoelstra

Diakonale Diensbeurt: Groep 2

Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Wytske van Wyk

Katkisasie: Les 20 vir Graad 1 tot 8 na die oggenddiens in die katkisasielokaal

## VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**

**Baie geluk aan ons 70-plussers wat in die komende week verjaar:**

***8 September***

- Sr Hetta Malan (072 447 7696) Wyk 34

***10 September***

- Sr Martie Massyn (084 802 6551) Wyk 38

**14 *September***

- Sr Elize vd Walt (076 453 4573) Wyk 35

**Baie geluk aan ons lidmate wat in die komende week verjaar:**

***7 September***

- Sr Tiannette vd Walt (079 389 8301) Wyk 30

***9 September***

- Br Nico Barkhuizen (082 733 7887) Wyk 26
- Sr Miekie Jooste (084 660 2395) Wyk 7

***10 September***

- Jsr Esmé-Ann v Niekerk (083 666 6163) Wyk 3

**13 *September***

- Sr Nicola Bredenhann (072 550 2333) Wyk 8

**14 September**

- Br Riaan de Bruyn (082 370 5359) Wyk 4

**Baie geluk aan die volgende egpare met die herdenking van hul huwelik:**

- Br Dries en sr Alet Hennop (083 426 8915) Wyk 13 met hul 21ste herdenking
- Br Hendrik en sr Wilma Henning (082 336 1284) Wyk 2 met hul 38ste herdenking

**Lief en leed:**

- Ons dink aan sr Susan van den Bergh (082 826 0091) Wyk 2 wat eerskomende Maandag vir ’n voetoperasie gaan. Ons bid dat die HERE spoedige herstel en beterskap sal skenk.

## KENNISGEWINGBORD

| **Kollektes: 31 Augustus 2025** | | **SnapScan: 31 Augustus 2025** | |
|---|---|---|---|
| R 2904.70 | Oggend: Barmhartigheid | R 1837.49 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 1973.70 | Oggend: Deure/ Kerkkas | R 876.22 | Oggend: Deure/ Kerkkas |

## *Beroepenuus*

Beroepe ontvang

Ds FJ (Fritz) Potgieter van GK Bloemfontein-Suid na GK Nelspruit en GK Barberton as medeleraar

## *Gedagte vir die week*



Soos 'n hert in dorre streke skreeuend dors na die genot van die helder waterbeke, skreeu my siel na U, o God! Ja, my siel dors na die HEER, na die Lewensbron; wanneer sal 'k, ná swerftog en benouing, God weer sien in klare aanskouing? Psalm 42:1 [berymd]

## *Statistieke vir die tweede kwartaal 2025*

*Lidmate vertrek:*

Annatjie Bezuidenhout na NG KERK MEYERSPARK

Dr Wim en Hettie Vergeer na GK HENTIESBAAI

Johan, Hestie, Wilmé, Lieze en Riëtte Victor na NG KERK RANT EN DAL PRISMA

Herman en Magdaleen Bonsma na GK WARMBAD

## PREEKPROGRAM – DERDE KWARTAAL 2025

7 September
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (7) – Vergeef ons ons oortredings! Matteus 6:12; 18:21-35 (T = Matt. 6:12 & HK, Sondag 51).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 2 – Weerleggend – Leef soos kinders van die verbond en laat die verbond in ons leef! Jeremia 31:27-34 (T = Jer. 31:31; Heb. 7:22).

14 September
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (8) – Verlos ons van die Bose! Matteus 4:1-11 (T = Matt. 6:13 & HK, Sondag 52a).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 3/4 – Stellend – Die totale verdorwenheid van die mens! Genesis 1:26-31; 6:1-8; 8:20-22 (T = Gen. 6:5-6).

21 September
Oggend: Besoekende predikant – prof HF van Rooy
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 3/4 :4 – Weerleggend – Ons is uit genade, deur geloof gered! Efesiërs 2:1-10 (T = Ef. 2:8).

28 September
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (9) – Aan u behoort die Koninkryk. 1 Kronieke 29:10-30; Matteus 6:1-18 (T = 1 Kron 29:10-13 & HK, Sondag 52b).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls - Hoofstuk 5:1-2 – Stellend & Weerleggend – Dood vir die sonde, maar lewend vir God! Romeine 7:7-25 (T= Rom. 7:24-25).

**SKOLE SLUIT (3 OKTOBER)**

5 Oktober (Dr De Wet verlof)
Oggend: Besoekende predikant – ds Jannie van der Schyff
Geen aanddiens.

12 Oktober
Oggend: Besoekende predikant – ds Jannie van der Schyff
Geen aanddiens.

**SKOLE OPEN (13 OKTOBER)**

**Expando bied die volgende Webinaar aan op Maandag 20 Oktober 2025 – 18:00-19:00**

Gesonde gemeentes het 'n gesonde bediening vir kinders, tieners, jongmense en gesinne.
Jonger gesinne sluit graag by sulke gesonde gemeentes aan.
Kom vind meer uit en gesels saam by ons volgende webinaar oor

**Gesonde Gemeentes: Kinder-, tiener-, jongmens- en gesinsbediening.**

Kontak ds Jan van der Walt (vaaljasfontein@gmail.com), ds Marcel Floor (marcelfloor07@gmail.com) om die skakel na die webinaar te ontvang.

## ***Die dood wink... (1)***

**Psalm 89:17**

*"Gedenk, o HEER, hoe swak ek is: hoe kort van duur,*
*hoe nietig my bestaan, die **dood** wink ieder uur.*
*Wie leef daar wat die **dood** nie eenmaal sal aanskou nie?*
*Geeneen wat teen dié mag sy lewe kan behou nie."*

In hierdie bedeling, voor die wederkoms van Christus, lê die dood vir elkeen van ons en wag. As jy nog nie daaraan gedink het nie, dan sal dit goed wees as jy dit wel doen. Die Bybel leer ons baie en mooi dinge oor die dood – nie alles nie, maar genoeg om ons as gelowiges ryklik te vertroos.

**Gereed vir die dood**

'n Wesenlike vraag is: Is jy gereed om te sterf? Kán 'n mens gereed wees om te sterf? Ja, jy kan! Om presies te wees: Die Here Self sorg dat jy gereed is. Kom ons luister wat God ons in sy Woord hieroor leer:

- **Job 5:26**: "*Jy sal op **rype ouderdom** die graf ingaan soos 'n gerf wat op sy tyd na die dorsvloer toe gebring word.*" God sal sorg dat jy, wanneer jy die graf ingaan, ryp is daarvoor. Nie voor die tyd nie.
- Hy sal jou ook voorberei vir die dood. By monde van Paulus gee Hy ons die versekering in **2 Korintiërs 5:5**: "*Hy wat ons vir hierdie oorgang* (na die dood) *voorberei het, is God. As waarborg hiervan het Hy ons sy Gees gegee.*" Die Engels gee "voorberei" weer met "He fashions us for new and eternal life" (Bertham). Dit laat 'n mens dink aan hoe die pottebakker die klei in sy hande vorm totdat dit na sy sin reg is vir die volgende stap. Só vorm God ons, só berei Hy ons kunstig, bietjie vir bietjie voor vir die dood.
- Christus is immers op hierdie nimlike oomblik besig om jou plek in die huis van jou Vader voor te berei, en eers as jou plek gereed is – en as jý gereed is! – sal Hy na jou toe kom, om jou te kom haal sodat jy ook kan wees waar Hy is (Joh. 14:2-3). Dit is opvallend dat Jesus hier nie sê dat Hy 'n engel sal stuur om jou te kom haal nie. Nee, daar staan in **Johannes 14:3**: "*Ek** (kom) *terug en sal julle na My toe neem*." Christus Self kom jou haal – letterlik: verwelkom.
  [* By die tiende plaag lees ons van "die engel van die dood" (Heb. 11:28) (1933: "verderwer"; KJV: "he that destroyed"; 2020: "doodsengel"), maar in **Eksodus 12:23** (2020) staan: "*Die Here sal deur die land gaan om die Egiptenare te tref; en wanneer Hy die bloed aan die bokant en die twee sykante van die kosyn sien, sal die Here by die deur verbygaan en die **vernietiger** nie toelaat om julle huise binne te gaan om julle te tref nie*." Die 1983-vertaling gee die laaste frase weer met "*Hy sal nie die dood in julle huise laat kom om julle te tref nie*." God Self is aan die werk. God is in beheer van wie bly lewe en wie gaan sterf.]

**Die dood: 'n onuitspreeklike heerlikheid**

Paulus skryf in **2 Korintiërs 12:2-3**: "*Ek ken 'n man* (dit is Paulus self) *wat aan Christus behoort. Veertien jaar gelede is hy weggeruk tot in die* ***derde hemel****... Ek weet ook dat hierdie man weggeruk is na die* **paradys** *toe*. *Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit. Daar het hy* ***woorde gehoor wat 'n mens nie kan of mag uitspreek nie****.*" Met ander woorde die Here lig die sluier vir ons oor die hiernamaals sodat ons iets daarvan soos deur 'n skrefie kan sien. Maar dit is so wonderlik daar dat jy dit wat jy dáár sien en gaan beleef, nie **kán** of **mág** uitspreek nie. Dis die hemel. Dis die paradys. Op 'n ander plek (**1 Kor. 2:9**) sê die Here vir ons: "'*Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie,' en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet*." Wat vir jou aan die anderkant van die graf wag, is onuitspreeklik heerlik! Jy het in hierdie lewe eenvoudig nie die regte en genoeg woorde om te sê hoe dit ná die graf is nie. Wat God wil hê ons moet weet en wat ons met ons beperkte verstand kan vat, dit sê Hy vir ons.

(Volgende keer kyk ons na 'n paar van die baie dinge wat Hy vir ons oor die dood self sê.)

**–** Dr. André Grové

## Bankbesonderhede

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar* Proeflesers

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (082 334 7913); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).